

KINDERKERK LES: Funaand - Bou die Bybel

Doel van les:

Ons hou 'n funaand met interaktiewe speletjies om die kinders bietjie meer te leer oor die Bybel.

Ysbreker: Boks soek: Maak vooraf vir elke groep ses boksies wat genommer is van 1-6. As jy vier groepe het, sal daar 24 boksies wees. In elke boks, sit die legkaart wat ooreenstem met die nommer in die lys van Bybelverhale wat later kom. Knip die prente rofweg op, om legkaart te maak. Pak die bokse deurmekaar regoor die vertrek. Elke groep stuur 1 kind op 'n slag, om in die vertrek rond te loop, en te soek na die bokse in die regte volgorde. Met ander woorde die eerste kind soek vir boks 1, kry dit en bring terug groep toe, dan gaan die tweede kind en soek vir boks 2 en so gaan dit aan tot al die bokse gevind is. Die leier hou dan die bokse by hulle totdat dit tyd is om dit te gebruik.

Inleiding: Storie - Die eienaar se gids

Daar was eendag 'n man met die naam Kobus. Op 'n dag het Kobus baie opgewonde opgestaan. Dit was die dag wat sy splinternuwe kar afgelewer sou word. Hy het nog nooit 'n kar gehad nie, maar hy het sommer geweet om 'n kar te hê sal hom help op baie maniere.

Hoe dink julle sou om 'n kar te hê vir Kobus help?

Kobus het baie hard gewerk en vir lank geld gespaar net sodat hy 'n nuwe kar kon koop. Toe uiteindelik is die oomblik hier. Die man wat die motor aan Kobus verkoop het, het voor sy huis gestop met die blink nuwe kar.

"Wil jy hê ek moet jou wys hoe die kar werk?" het die verkoopsman gevra.

"Ag nee wat, ek is seker ek sal weet hoe." het Kobus geantwoord.

Die verkoopsman sê toe "Ok, maar as jy hulp nodig het, daar is 'n spesiale boek oor karre onder die sitplek wat jou sal help."

Die verkoopsman is daar weg en Kobus het opgewonde na die deur van die motor gehardloop om dit oop te maak, maar dit wou nie. Dit was vir hom snaaks, want by die winkel het die deur sonder probleme oopgegaan. Kobus het al om die kar geloop en deur die vensters gekyk en gedink dat die sitplekke darem sag lyk om op te sit.

Net toe kom sy vriend Johan daar aan. "Dis 'n mooi kar Kobus. Maar hoekom loop jy al om dit in plaas van om in te klim?" het Johan gevra. Kobus antwoord toe dat hy die kar nou net gekry het, maar dat daar fout is met die deure.

Johan het gelag en gevra: "Fout met die deure? Het jy al probeer om dit oop te sluit."

Kobus het skaam met een van die sleutels probeer om die deur oop te sluit, maar maak nie saak hoe hard hy probeer het nie, die deur wou glad nie oop nie.

Johan sê toe: "Jy gaan daardie sleutel breek. Dis in elk geval die kattedak se sleutel. Probeer 'n ander een."

Uiteindelik het Kobus die deur oopgesluit gekry en toe sit hy agter die stuurwiel. "Kom ons luister bietjie radio." Het Johan gesê.

Na baie gesukkel, het Kobus die radio aangekry, maar hy het nie van die liedjie gehou wat speel nie. Hy het probeer om van stasie te verander, maar kon nie. "Kobus, jy moet hierdie knoppie druk." het Johan gesê.

"Kobus, het jy nie die boek gelees wat jou wys hoe als in die kar werk nie?" het Johan gevra. "Ek het nog nie tyd gehad nie. Kom ons ry nou eers bietjie met my nuwe kar." sê Kobus. "Nou goed, maar ek hoop jy weet wat jy doen." sê Johan.

Net toe het Kobus weggetrek, maar agteruit. Hoe meer hy knoppies druk en die stuurwiel draai, hoe meer het die kar net aangehou agteruit ry in 'n boom vas!

"Hoekom het jy nie gestop nie?" skree Johan

"Ek het nie geweet hoe nie!" huil Kobus.

Vra: Weet julle dat God ook vir ons 'n spesiale boek gegee het vir ons lewens? Wie dink hulle weet wat ons daardie boek noem? Die Bybel. Nes Kobus, probeer baie mense om op hulle eie dinge te doen. Hulle lees nie die Bybel nie en weet nie hoe God wil hê, ons dinge moet doen nie. Net soos Kobus, eindig dit dan ook baie sleg vir hulle. So ons gaan hierdie kwartaal meer van die Bybel leer, en julle gaan sien hoe wonderlik die Bybel is.

Aktiwiteit 1: Die Toring van Babel

- **Aktiwiteit:** ek gaan vir julle 'n puzzel gee, julle moet dit aanmekaar sit, en die kinders moet probeer raai watter Bybeldeel dit is.
- **Storie:** Genesis 11:1-9: Voordat die mense so oor die aarde gebly het, het hulle almal bymekaar gebly. Almal het net een taal gepraat. Die mense het vir mekaar gesê: "Kom ons bou 'n stad met 'n hoë toring. Die toring moet regtig hoog wees. Dit moet sommer aan die hemel raak. As ons dit regkry, sal ons beroemd wees." God het geweet as die mense dit regkry, sal hulle dink hulle het Hom nie meer nodig nie. Hy het hulle toe verskillende tale laat praat, sodat hulle mekaar nie meer kon verstaan nie, en die toring nie verder kon bou nie. Hulle het weggetrek na verskillende plekke en die stad Babel genoem wat deurmekaar beteken.
- **Uitdaging:** Kry LEGO blokkies en bou 'n toring.

Aktiwiteit 2: Jakob se droom met die leer

- **Aktiwiteit** : ek gaan vir julle 'n puzzel gee, julle moet dit aanmekaar sit, en die kinders moet probeer raai watter Bybeldeel dit is. Kyk of julle dit als op die regte plek op die karton kan pak.
- **Storie**: Genesis 28:10-17: Jakob was op reis toe iets wonderlik met hom gebeur het. Hy het gaan slaap en 'n spesiale droom gehad. Hy het gedroom hy sien 'n leer wat van die aarde al die pad opgaan tot in die hemel. Hy het engele op en af sien beweeg op die leer. God het daar drie beloftes aan Jakob gemaak. Klink dit nie wonderlik nie?
- **Uitdaging**: Gee vir elke groep gelyke aantal roomysstokkies en kyk watter groep kan in 'n minuut se tyd die langste leer op die vloer bou.

Aktiwiteit 3: Abraham moet Isak gaan offer

- **Aktiwiteit** : ek gaan vir julle 'n puzzel gee, julle moet dit aanmekaar sit, en die kinders moet probeer raai watter Bybeldeel dit is.
- **Storie**: Genesis 22:1-14: Abraham is baie lief vir sy seun, Isak. Maar eendag sê God vir Abraham dat Hy wil hê Abraham moet vir Isak gaan offer. Dit was 'n toets, want God wou sien of Abraham altyd na Hom sou luister. Abraham het dit nie geweet nie, en was baie hartseer gewees. Hy het Isak op 'n stapel hout vasgemaak en net soos hy Isak wou offer, het God hom gekeer. God het toe 'n ram in 'n bos laat vassit en Abraham kon die ram aan God offer.
- **Uitdaging**: Kyk of kinders hout kan pak vir 'n vuur

Aktiwiteit 4: Die Skepping

- **Aktiwiteit**: ek gaan vir julle 'n puzzel gee, julle moet dit aanmekaar sit, en die kinders moet probeer raai watter Bybeldeel dit is.
- **Storie**: Genesis 1:1-18: Heel aan die begin was net God daar. Toe het Hy die hemel en die aarde gemaak. Sommer net so, uit niks! Maar niemand kon nog op die aarde bly nie. Daar was net water op die aarde. Dit was baie donker. Nogtans was God daar, al het die aarde ook hoe woens gelyk. Toe het God alles begin maak. Vir ses dae het Hy die gewerk aan allerhande dinge en die sewende dag ook iets gedoen. Elke dag het Hy iets gemaak.
- **Uitdaging**: Gee die sewe prentjies en kyk of die groepe die maak van die skepping in die regte volgorde kan sit.

Aktiwiteit 5: Daniël in die leeuken

- **Aktiwiteit**: ek gaan vir julle 'n puzzel gee, julle moet dit aanmekaar sit, en die kinders moet probeer raai watter Bybeldeel dit is.
- **Storie**: Daniël 6:1-29: Daniël was baie lief vir God. Daar was mense wat baie jaloers op hom, omdat hy baie belangrike werk vir die koning gedoen het, en nie hulle nie. Toe maak

hulle 'n plan om Daniël dood te kry. Daniël is gevang en in 'n leeuuil gegooi. Maar God het Daniël beskerm en die leeus het hom nie geëet nie. Die volgende oggend toe die koning kom kyk, was Daniël nog lewendig. Hy is uit die leeuuil gehaal en die slegte mense wat Daniël wou doodmaak, is vir die leeus gevoer.

- **Uitdaging**: Maak 'n leeu van klei.

Aktiwiteit 6: Jerigo se mure

- **Aktiwiteit**: ek gaan vir julle 'n puzzel gee, julle moet dit aanmekaar sit, en die kinders moet probeer raai watter Bybeldeel dit is.
- **Storie**: Josua 6:1-23: Jerigo se poorte was toegesluit. Niemand het in of uit die stad gegaan nie. Die Here sê toe vir Josua: "Ek gee Jerigo, sy koning en al sy soldate aan jou oor. So moet julle nou ses dae lank maak: Heel voor moet al die mans loop wat kan oorlog maak. Dan moet sewe priesters, elkeen met 'n ramshoring agter hulle loop. Heel laaste kom die priesters. Almal moet een keer om die stap loop. Die sewende dag moet julle sewe keer om die stap loop. Die sewende keer moet die priesters op die ramshorings blaas. Wanneer die soldate die ramshorings hoor, moet hulle kliphard skreeu. Dan sal die muur rondom Jerigo omval en julle kan sommer in die stad inloop!"
- **Uitdaging**: maak 'n ramshoring uit 'n handdoek papier rol.

Gebed: Kom ons bid nou saam sê vir dankie vir die Bybel.

PRENTJIES VIR PUZZELS:











